NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 14 – Uitgawe 40

4 November 2021

NHKA se verbintenis met UP opnuut bevestig

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Dinsdag 2 November 2021 is 'n nuwe ooreenkoms oor teologiese opleiding deur die Universiteit van Pretoria en die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika onderteken.

Die NHKA bly daarvan oortuig dat akademiese opleiding van teologiestudente en verdere teologiese navorsing aan 'n universiteit van wesenlike belang is. Die NHKA se vennootskap met UP het reeds in 1917 begin toe die Fakulteit Teologie by die Transvaalse Universiteitskollege Pretoria (TUK) met die steun van die NHKA en die Presbiteriaanse Kerk van Suider-Afrika (PKSA) gestig is. Sedert die stigting in 1917 is die NHKA die enigste kerklike vennoot wat 'n volgehoue verhouding met die Fakulteit gehandhaaf het, ondanks vele ingrypende veranderinge oor 104 jaar.

Tot 1917 het potensiële predikante van die NHKA in Nederland gestudeer. Die NHKA het egter reeds in 1904 die TUK (toe bekend as die Transvaalse Tegniese Instituut – TTI – een van die saamgestelde kolleges van die Universiteit van Suid-Afrika) genader om 'n graad in teologie aan te bied. In 1917 het die Fakulteit twee dosente gehad: dr JHJA Greyvenstein (NHKA) en ds E MacMillan (PKSA). Prof Paterson, registrateur van die TUK, het as die dosent vir Bybelse Hebreeus opgetree. Op 10 Oktober 1930, toe die naam van die TUK na die Universiteit van Pretoria verander is, het die Fakulteit Teologie vyf professore gehad. In 1938 het die NG Kerk Afdeling B van die Fakulteit Teologie gevestig, en die NHKA se opleiding het as Afdeling A onafhanklik voortgegaan. Gedurende 2000 het die twee afdelings van die Fakulteit saamgesmelt om die weg te baan vir 'n veelkerklike fakulteit.

As gevolg van hierdie samesmelting is besluit om die verbintenis van die kerklike vennote deur ooreenkomste tussen UP en die verskillende kerkvennote te formaliseer. Dit is gedoen om te verseker dat die Fakulteit Teologie voortbestaan, omdat die welstand van die Fakulteit afhang van die harmonieuse samewerking tussen die Universiteit en die kerklike vennote. Die ooreenkoms tussen UP en die NHKA is op 24 November 1999 onderteken. Dit het ook voorsiening gemaak vir die stigting van die Hervormde Teologiese Kollege (HTK) wat verantwoordelikheid neem vir eie kerklike programme. Hiervoor is 'n ooreenkoms ook in 2000 met UP onderteken. As gevolg van die bepaling dat die ooreenkoms tussen UP en die NHKA aanvanklik net vir 'n tydperk van vyf jaar sou geld, is die ooreenkoms in 2005 en in 2010 hernu. Toe die ooreenkoms in 2010 hernu is, is besluit om die klousule wat die tydperk van die ooreenkoms uitspel, te skrap. Die ooreenkoms is sedertdien oop, met die moontlikheid dat enige party die ooreenkoms met kennisgewing van drie jaar kan beëindig.

Die ondertekening van 'n nuwe ooreenkoms met UP op 2 November 2021 het nodig geword aangesien die NHKA in 2019 die teologiese tydskrif *Hervormde Teologiese Studies* om strategiese redes vervreem het. Dit was toe nodig om alle bepalings met betrekking tot die *HTS* te verwyder. Die NHKA en UP het ook besluit om die twee vorige ooreenkomste (oor teologiese opleiding en oor die HTK) in 'n enkele nuwe ooreenkoms te konsolideer.

Met die nuwe ooreenkoms het UP opnuut die verbintenis onderteken om die opleiding van predikante vir die NHKA te fasiliteer, vyf voltydse dosenteposte vir die NHKA te handhaaf, en die HTK se verband met die Fakulteit te bevestig. Die HTK is verantwoordelik vir eie kerklike opleiding en programme. Dosente van die HTK word ook deur UP geakkrediteer en kry die geleentheid om by navorsing betrokke te wees en om nagraadse studente te begelei.

Dr Rudy Denton
Voorsitter: Kuratorium

Lief en leed


Mev Joan Stander

- Mev Jianni Joubert van die Sinodale Dienssentrum se moeder, **mev Joan Maria Stander** (84), is Donderdag 29 Oktober oorlede nadat sy ernstig siek was. Die roudiens Vrydag 12 November om 11:00 vind plaas vanuit die NG Moedergemeente Humansdorp. Ons innige meegevoel gaan aan mev Joubert en hul familie.

- **Die volgende predikante verjaar tot 12 November 2021, en word hartlik geluk gewens:**

  - Donderdag 4 November: Di HN (Hennie) Botha (82) (emeritus) en G (Gerhard) Viviers (41) (Wolmaransstad)
  - Saterdag 6 November: Ds WL (Wikus) van der Merwe (68) (emeritus)
  - Sondag 7 November: Ds SA (Fanie) Beukes (42) (Laeveld)
  - Dinsdag 9 November: Ds PJ (Hannes) Wolmarans (52) (Secunda)
  - Donderdag 11 November: Ds AH (Adriaan) Roets (62) (Swartkop)

Gemeentes en bediening

- Die **Sinodale Dienssentrum sluit** op Woensdag 15 Desember 2021 en **heropen** op Maandag 3 Januarie 2022.

- Dinsdag 2 November het **die NHKA en die Universiteit van Pretoria** ’n ooreenkoms onderteken oor die voortgesette teologiese opleiding van die Kerk se predikante. **Op die foto** is ds Willem Kok, skriba van die Kommissie van die NHKA, en prof Tawana Kupe, visekanselier en rektor van UP, besig met die ondertekening.

- **Studentebehuising vir 2022. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur ’n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

- **VAKANTE WERKRUIMTE: Gemeente Carletonville**. Aansoeke word ingewag van ’n gelegitimeerde predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika wat hierdie werkruimte deeltyds kan bedien.

  Gemeenteprofiel: Die gemeente bestaan sedert 1958 en is een van twee NHKA-gemeentes in Carletonville. Die sieletal is tans ongeveer 365. Die ouderdomsprofiel is redelik verspreid, met ’n gemiddelde ouderdom van 57 jaar. Die gemeente beskik oor ’n doelmatige kompleks bestaande uit ’n kerkgebou, saal en kombuis, asook ’n ruim, gerieflike pastorie.

  Leraarprofiel: Die geskikte kandidaat se lewe moet getuig van ’n passievolle verhouding met God. Liturgies goed voorbereide, Gees-vervulde eredienste is vir die gemeente ononderhandelbaar. Die gemeente verwag van aansoekers om ’n erediens in die gemeente waar te neem en die volgende vraelyste te voltooi en terug te stuur:
  - Persoonlike inligting.
  - MBTI-persoonlikheidsprofiel.
  - Spiritualiteitstipe.

  Aansoeke sluit op 30 November 2021 en moet vergesel wees van ’n verkorte CV wat die kontakbesonderhede van minstens twee referente insluit. Dit moet gestuur word aan die Adminbeampte, **nhkacville2@gmail.com**. Die Kerkraad behou die reg – indien so besluit – om nie een van die aansoekers te beroep nie.

- Die gekombineerde gemeentes **Belfast en Waterval Boven** het **preekgeleenthede** beskikbaar gedurende **Desember en Januarie**. Vergoeding sal vir twee preke, reiskoste en tolhekgelde betaal word. Kontak mev Anita Booyse (skriba Waterval Boven) by 072 590 1052.

Vergaderings

- Saterdag 6 November: NHSV Dagbestuur
- Dinsdag 9 November: TOIBO Uitvoerende Komitee
- Donderdag 11 November: Pensioenvergadering

Kerklike publikasies

'n Gedig

as
vir moedertjie
(Palalarivier, 13 Maart 2010)

as die water perkament was
as die oggend ink
sou ek hierdie lepellê
tot by sy droesem drink

as die berge woorde was
as die lig 'n keel
sou ek hierdie droefheid
se donkerte kon deel

ek werp my teen die berge
die stilte eggo terug
terug-terug-kom-t'rug
na die oggend, water, lig

kringe op die watervlak
wys waar woorde was
op die maag van die rivier
dryf die oggend stil soos as.

Ilse van Staden
(Uit: *Waar die oog van stil word*, 2006)

Konserte en feeste

- **Gemeente Horison Roodepoort** bied 'n **Kerslig-sangaand** aan op **Saterdag 27 November om 18:00**. Bekende sanger Mathys Roets tree op in die kerkgebou in Georginiastraat 34, Horison Roodepoort, waarna 'n driegangete in die kerksaal geniet word. Kaartjies beloop **R130 per persoon**. Vir navrae en besprekings, kontak dr Gerhard Nel by 082 8235 074 of **gnel074@gmail.com**.

Toerusting

SkillsPro GROUP

Departement van Teologie in samewerking met die NHKA

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Diploma in Bediening
Deeltydse studies

Ten volle geakkrediteerde kwalifikasie: NQF Vlak 6
SAQA ID: 96454; aantal krediete 379; 5 jaar deeltyds

Toelatingsvereistes
Nasionale Senior Sertifikaat met toegang tot diplomastudies, of gelykwaardige kwalifikasie

"Hierdie kwalifikasie is veral geskik om lidmate, kerkraadslede en kategete toe te rus vir dienswerk binne en buite die kerk."

Inskrywings vir Januarie 2022 open 1 Oktober 2021

Maak 'n verskil in die Koninkryk van God

Navrae: Ds Bouwer Serfontein
E-pos: ministry@skillspro.co.za
Selnommer: 082 339 7854

Barmhartigheid

- **VAKANTE POS: Persoonlike Assistent: Diakonaat.** Aansoeke word ingewag vir hierdie vakante pos. Die suksesvolle kandidaat sal oorwegend vanuit 'n tuiskantoor werk, maar ligging in Pretoria of Krugersdorp en omgewing is nodig vir in-persoon-werksessies en -vergaderings.

  Posbeskrywing
  'n Persoon met 'n passie vir barmhartigheid word benodig as persoonlike assistent, van wie onder andere verwag word om goeie administratiewe vaardigheid toe te pas in terme van dagboekbestuur, die uitvoer van take oor 'n wye terrein van diakonale werk, skakeling met gemeentes, skakeling met direksies van maatskappye, opstel en versorging van amptelike dokumente, elektroniese liassering en die invoer van transaksies op 'n elektroniese bank-platform. Dit alles moet gedoen kan word via elektroniese kommunikasieplatforms.

  Vereistes
  - Uitstekende administratiewe vaardigheid.
  - Volledige tweetaligheid in Afrikaans en Engels, in gesproke sowel as geskrewe taal.
  - Goeie vaardigheid in die gebruik van Microsoft Word en Outlook.
  - Vaardigheid in ander Microsoft Office-programme word aanbeveel.
  - Vermoë om onafhanklik te werk en goeie tydsbestuur toe te pas.
  - Vermoë om vergaderings te reël en organiseer, sowel via elektroniese platforms as in-persoon-vergaderings.
  - Basiese finansiële vaardigheid ten opsigte van die uitreik van fakture en hantering van transaksies via internetbankdienste.

  Vergoedingspakket
  - Halfdagpos.
  - R8 000 per maand, onderhandelbaar.
  - Addisionele pensioen-werkgewersbydrae.
  - Werk van die huis af, hoewel daar gereis moet word na vergaderings en werksessies soos nodig. Vergoeding vir reiskoste in uitsonderlike gevalle sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word.
  - 'n Skootrekenaar word voorsien, terwyl internetkoste en telefoonkoste vergoed word op grond van onderhandeling met die suksesvolle kandidaat.

  Sluitingsdatum vir aansoeke is **15 November 2021**, met aanstellingsdatum 1 Januarie 2022. CV's met 'n motiverende skrywe moet gestuur word na **mannekrag@nhk.co.za.**

- **NHSV Beurse en lenings 2022.** Die NHSV beskik oor beurse/lenings vir studente in enige studierigting. Slegs lidmate van die Nederduitsch Hervormde Kerk kwalifiseer vir die toekennings. Die aansoekvorm kan ***hier*** afgelaai word. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 15 November 2021.**

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  Verblyf vir en versorging van bejaardes en gestremdes
  Enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  navrae@athalia.co.za
  www.athalia.co.za

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, het ’n **tweeslaapkamer-woonregeenheid** beskikbaar by Frans Boshoff: Dit is Woonstel 3 teen R485 000. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857 x216 vir meer inligting.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Kieserstraat 126, Rietondale
  Een enkelwoonstel te koop teen R510 000
  Een eenslaapkamerwoonstel te koop teen R515 000
  Een 1½-slaapkamerwoonstel te koop teen R520 000
  Een tweeslaapkamerwoonstel te koop teen R560 000
  Een tweeslaapkamerwoonstel te huur teen R6 500 per maand
  Navrae: Beaulah du Plessis by 082 847 9544
  Seniordalpta@gmail.com

Fondsinsamelings

- **Gemeente Oos-Londen: Word ’n affiliaal van Nguni Gifts**
  Verdien 2- tot 7%-kommissie
  Befonds jul gemeente se bediening deur verwysings
  Stuur ’n e-pos of WhatsApp-boodskap om jul gemeente aan te sluit
  larry@nguni-gifts.co.za
  WhatsApp 072 020 8911

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word. *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag

voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om 'n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed voor die eksamen

O Heer Almagtig,
seën my asseblief met toewyding,
sodat ek met ywer sal studeer vir die eksamen wat voorlê.
Help my om die kosbare geskenk van my tyd goed te gebruik.
Hou my verstand gefokus op my studies.
Suiwer my gemoed van afleidings en kommer.
Help my om my gedagtes te beheer,
om doelwitte te stel én daarby te hou.
U het my dissipline en deursettingsvermoë geleer –
help my om dit toe te pas.
Herinner my voortdurend aan al hierdie deugde en méér.
Ek vra dit in Jesus se Naam.
Amen.

www.connectusfund.org/11-powerful-prayers-for-studying-for-exams

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)

Redakteur:	Ds Willem Sauer
Subredakteurs:	Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Koördineerder:	Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar:	Mnr Hugo van Niekerk